# HOE OM 'N MONSTER VIR FEKALE OKKULTE BLOED TOETS TE NEEM / HOW TO COLLECT SAMPLES FOR A FAECAL OCCULT BLOOD TEST

## Wat ons van u benodig:

Ons benodig 3 stoelgang monsters van aparte derm bewegings, so na as moontlik na mekaar.

## Hoe om voor te berei vir u toets

- Eet verkieslik 'n hoë-vesel dieët vir twee dae voor en gedurende die kolleksie periode. Hoë-vesel kosse sluit in: Graan, volgraan brood, groen groentes, neute, sade, vars en gedroogde vrugte.
- Moet geen rooi of rou vleis eet vir 2 dae voor en gedurende die kolleksie tydperk nie.
- Vermy die volgende kosse vir 2 dae voor en gedurende die kolleksie tydperk: peperwortel, rooi radyse, blomkool, brokolie, raap, pastinaak en spanspek. Hierdie produkte bevat 'n ensiem genoem, peroksidase wat met die toets kan inmeng.
- 'n Hoë dosis (>250mg) Vitamien C - ook genoem askorbiensuur - kan valse negatiewe resultate veroorsaak, so geen Vitamien C moet geneem word 48 uur voor die eerste monster nie en ook nie gedurende die kolleksie tydperk nie.
- Maak seker as u, u tande borsel om nie bloeiende tandvleisse uit te lok nie.
- Volg asseblief alle instruksies van u dokter af as u aangeraai is om alkohol, aspiriene en ander anti-inflamatoriese medikasie te vermy. Dit kan gastriese (maag) bloeding veroorsaak of 'n vals positiewe resultaat gee.

## Hoe om die stoelgang monster te neem:

1. Kry 'n houer by u dokter of naaste Aotea Patologie kamer.
2. Plaas 'n skoon roomysbak of iets soortgelyk in die toilet, of maak 'n vlot van toilet papier in die pan.


© COPYRIGHT 2015 WELLINGTON SCL

## HOE OM 'N MONSTER VIR FEKALE OKKULTE BLOED TOETS TE NEEM / HOW TO COLLECT SAMPLES FOR A FAECAL OCCULT BLOOD TEST

3. Maak seker om nie te urineer nie. Water en uriene besoedel die stoelgang.

4. Gebruik die skoppie wat vasgeheg is aan die deksel van die houer en kollekteer skoppies vol van die stoelgang vanaf die oppervlak van die monster, totdat die houer halfvol is.

5. Maak die houer stewig toe en merk met u volle naam, van, geboortedatum en datum en tyd van die kolleksie.

6. Plaas die monster in die plastiek sakkie tesame met die versoek vorm van u dokter af.

7. Neem die stoelgang monster na u dokter toe, of naaste Aotea Patologie Kamer.

**Nota: Die monster mag oornag in die yskas gehou word.**


© COPYRIGHT 2015 WELLINGTON SCL
Version: 1.0
Updated November 2016
Amended Version: Nil
Amended On: Nil
Author: Customer Liaison
Next Review Date: November 2017